Gehoorsaamheid aan God

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Gen.6:9-22
Teks:Gen.6:22 en 7:22 *"Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het."*

Hierdie week skakel 'n jongman my om te vra of hy saam met my na die informele woonbuurt kan ry waar ons elke aand 'n Christelike film of die Jesus-film vertoon. Ek sê hy is welkom. Daardie aand vertel hy aan my dat hy twee weke tevore tydens 'n erediens besluit het om in groter toewyding en gehoorsaamheid aan God te lewe. Hierdie, vertel hy, was nou sy eerste tree van groter gehoorsaamheid aan God. Wat 'n wonderlike getuienis!

God praat met ons deur Sy Woord, deur prediking, deur gebeure, deur omstandighede, deur medegelowiges en ander mense. Eers wanneer ek en jy in die praktyk aan God gehoorsaam word, sal ons geestelike verdieping beleef. Gehoorsaamheid aan God is een van die sleutels tot geestelike groei!

1. Die basis vir gehoorsaamheid aan God

Die eerste grondwaarheid:
'n Mens kan God nie uit jou eie gehoorsaam nie. As die Gees van God nie in jou woon nie en jou nie tot gehoorsaamheid begelei nie, sal jy nooit uit jou eie gehoorsaam aan God word nie. ***Fil.2:13*** sê *"Dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer."* In ***Joh.15:5*** sê Jesus: "…*sonder My kan julle niks doen nie"*. Sonder die inwonende Gees van God, kan jy God nie gehoorsaam nie *(Rom.8:14*).
Dit is waarom dit ook onmoontlik is vir iemand om in eie krag sonde te oorwin. Jy sal dit dalk regkry om op korttermyn gehoorsaam te wees, maar van 'n lewe van gehoorsaamheid aan God se Woord in eie krag, is daar nie sprake nie.

Die tweede grondwaarheid:
Gehoorsaamheid is soos asemhaling vir jou lewe. Sonder gehoorsaamheid aan God kan jy nie geestelik groei nie. *(**Joh.14:21** "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet, en wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.")* Die ontwikkeling van jou geloofsverhouding met God, is 100% gekoppel aan jou

gehoorsaamheid aan die Gees van God wat in jou woon! ***(Jak.2:23*** *"'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood."* Gehoorsaam God elke dag in die klein dingetjies in jou lewe! Klein dingetjies is vir God groot dinge.

Die derde grondwaarheid:
Ons verhouding met God word elke keer versterk wanneer ons Hom gehoorsaam. ***Joh.15:14*** *"Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel"* God kan jou nie met 'n volgende taak vertrou as jy nie bereid is om die eerste wat Hy reeds van jou gevra het, nie gehoorsaam nie.

Gehoorsaamheid versterk wedersydse verhoudinge van vertroue en liefde. Dit gee jou ook die vrymoedigheid om volgende keer nog meer te vertrou!

Voorbeeld: Ek sal bv. nie maklik 'n onbekende persoon vertrou nie. Ek sal egter wel iemand wat sy getrouheid, betroubaarheid en gehoorsaamheid oor tyd aan my bewys het, vertrou.

Die vierde grondwaarheid:
Gehoorsaamheid aan God en Sy woord, is een van die kenmerke waaraan kinders van God uitgeken kan word. ***1Joh.2:3-4****"As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. Iemand wat sê: 'Ek ken Hom,' maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie."*
Ek kan uit mense se optrede ooglopend sien, wie het 'n innige verhouding met God en wie het nie 'n innige verhouding nie!

Die vyfde grondwaarheid:
Gehoorsaamheid aan God is 'n betuiging van ons liefde aan God. Die wat Jesus as Verlosser aangeneem het, is reeds gered en gehoorsaam nie God se Woord om gered te word of punte te verdien nie. Ons gehoorsaamheid aan God is uit liefde vir God. ***1Joh.2:5-6*** *"Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het."*

2. Enkele lewenslesse oor gehoorsaamheid

Ons kry ’n hele paar lewenslesse oor gehoorsaamheid uit die lewe van Bybelkarakters wat gehoorsaam aan God geleef het. Spasie ontbreek om alles te noem. Kom ons kyk na enkele lewenslesse:

Lewenslesse uit Noag se lewe:
Ons hoor dikwels dat dit vir mense moeilik is om onder groepsdruk gehoorsaam aan God te bly. Die waarheid is: wanneer jy elke dag konstant gehoorsaam aan God bly, word dit makliker om ook gehoorsaam te bly wanneer jy onder groepsdruk verkeer.

Ons lees: *“Noag was ’n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef” Gen.6:9.* Dit was sy geheim! Dit sou Noag jare neem om die ark te bou. Talle mense sou daagliks by hom verbyloop en hom spot oor die groot boot wat hy so ver van die water probeer bou het! Ons lees tenminste op twee plekke *“Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.” (Gen.6:22; 7:5).* Dit was ’n lewensgewoonte by Noag om God daagliks onberispelik te gehoorsaam.

Lewenslesse uit Moses se lewe:

- Die oomblik toe Moses God begin gehoorsaam, het God hom op daaglikse basis begelei van die een opdrag tot die volgende. *Hoe meer jy toelaat dat die Gees jou begelei, hoe makliker sal dit word om Sy leiding te herken.****Jes.30:21”Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou ’n stem hoor sê: “Hier is die pad, loop hierlangs.”***

- Moses kon nooit die uitkoms van sy optrede vooraf bepaal nie. Hy moes God kinderlik gehoorsaam. Elke keer wanneer Moses God gehoorsaam het, is sy geloof versterk en was hy geestelik gereed om na die volgende opdrag van God aan te beweeg. Elke keer wanneer Moses gehoorsaam was, het God hom met die volgende wonderwerk vertrou.

Voorbeelde:

- *Die tien plae in Egipte.*
- *Die Wolkkolom by dag en die vuurkolom by nag.*
- *Die Rietsee ervaring.*
- *Die volk wat honger is en God wat daagliks manna en kwartels voorsien.*
- *Die slang op die koper paal*
- *Mara, die bitter waters wat soet word.*

- Wat sê Moses van al hierdie ervaringe van gehoorsaamheid? Moses beskou dit maar net as die begin van sy verhouding met God. Hy sê in Deut.3:24 "Here my God, U het (maar net) begin om my U grootheid en almag te laat ondervind. Watter God is daar in die hemel of op die aarde wat u magtige dade kan nadoen?" Moses het geweet hoe almagtig God is. Moses het geweet hy het nog maar net geraak aan die soom van God se kleed.

- Toe Moses ongehoorsaam was en die rots geslaan het, het God hom teruggehou en kon hy nie die beloofde land binnegaan nie (*Num.20:12*). Moses het deur Sy optrede die eer van God weggeneem. God word dus geëer wanneer ons gehoorsaam is. Dit is elke keer tot God se eer wanneer ons aan Hom gehoorsaam bly. God seën graag sy gehoorsame kinders.

Lewensles uit Hagar se lewe:

- God weet presies wat ons omstandighede is. Hy kan ons elke oomblik hoor praat. ***Ps.139:1-3*** *"Here u sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom,…U is met al my paaie goed bekend."* God kan selfs 'n babatjie hoor huil!
- Hagar het geleer, selfs al vlug jy in ongehoorsaamheid weg, sal God jou altyd weer terug verwelkom as jy in berou na Hom roep!
  Hagar was op die punt om van dors te sterf. God het Hagar hoor huil (Gen.21:16), en God kon gewoon in haar hart fluister: "*Wat is dit Hagar?"* God het ook die babatjie Ismael hoor huil. God het haar oë oopgemaak en sy het 'n put met water gesien.
- Hagar het geleer dit is altyd beter om God te gehoorsaam. Selfs al vra God jou om in jou spore om te draai en selfs al stuur God jou teen jou sin terug na die plek waarvandaan jy kom. Dit is altyd beter om aan God gehoorsaam te bly en op Hom te vertroue, as om jou eie planne te maak.

3. Gehoorsaamheid volg op totale oorgawe aan God

Toe Paulus homself op die Damaskus pad aan God oorgegee het, het hy aan sy eie wil gesterf. Niks sou voortaan vir hom belangriker wees as om volgens God se wil te leef nie (vgl. Fil.3:8).

Voordat jy aan God gehoorsaam sal raak, beteken dit jy moet jouself totaal oorgee aan God! Dit gaan dus oor onvoorwaardelike aanvaarding van

Sy raad. Onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan wat God aan jou openbaar!
Anders het dit geen sin om na God se wil te vra nie!
Hoe gee ek myself onvoorwaardelik aan God oor?

3.1 Verstandelike oorgawe:

Enige verstandelike reservering om die finale besluit self te neem, doof die Gees se stem uit! Jy moet met jou verstand besluit om die verantwoordelikheid vir besluitneming in God se hand terug te plaas! Onthou, jy is nooit waarlik oop vir God se leiding as jy nie die situasie ten volle in God se hand plaas nie! *Daar is altyd in jou onderbewuste 'n eie opinie aan verbonde!*

- Rom.12:2 sê "Laat God julle verander deur julle **denke** (*verstand*) te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."
- In ***Joh.5:30*** verklaar Jesus: *"Uit my eie kan ek niks doen nie; Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor,… omdat dit nie my wil is wat ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."*
- Dwarsdeur die Bybel, in amper elke situasie, het dit geblyk dat die persoon wat God roep om iets te doen, *bereid was om onvoorwaardelik God se wil te doen, nog voordat die saak openbaar is!*
- God se Gees forseer klaarblyklik nie dinge teen jou wil af nie. Hy steek nie die grens van jou eie wil oor nie, tensy jy jou *wil* vrywillig en onvoorwaardelik aan God onderwerp!
- Augustinus het eenkeer gebid: ***"Here bewaar ons dat ons nooit U wil na ons sal buig nie***, ***maar dat ons, ons wil aan U sal onderwerp!***"

3.2 Sterf aan jouself:

Oorgawe aan God, behels meer as net verstandelike oorgawe. Jy moet ook die res van jou aan God oorgee. Bv. jou voorkeure, jou ideale. Kortom, dit beteken ***ek*** sterf aan ***myself***. God neem oor! God is nou alles in my.

- ***Rom.12:1*** sê: "*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is..."* 'n Offer is iets wat weg gegee word. Doodgemaak word en uitgebrand word tot die eer van God. **Jy kan dit nie weer terugneem nie**. Dit is opgeoffer, uitgebrand en totaal weggegee aan die Een wat dit ontvang het! Dis verbrand op God se altaar!
- **Om vir God se wil en leiding te vra, is om 'n blanko tjek vir God te gee**, dit te onderteken en te sê: "***vul u elke dag die detail in waar en wanneer, soos U begeer"*** Dit is 'n "***commitment***" wat vooruit gedoen word! Jy gee die gesag aan God oor ongeag hoe Hy oor jou toekoms besluit! Dis 'n eens en vir altyd finale besluit! Die wêreld is self-gesentreer en in die wêreld soek die self sy eie belang, propageer jou self, bevoordeel jou self ens. **Maar wanneer jy hierdie "eens en vir altyd" oorgawe maak word jou**

lewe: Christus gesentreerd, Christus-soekende, Christus-getuigend, en soek jy Christus se wil in alles.

- ***Wanneer die Gees beheer oorneem:***
  - **verander Hy jou denke** (Rom.12:2), om soos God te dink,
  - **jou natuur** (Rom.8:8,13-14 word vervang met ’n Goddelike natuur,
  - **jou karakter** (Rom.6:13) word vervang met God se karakter en ’n begeerte om Sy wil te doen,
  - **jou vermoëns** word vervang met God se vermoëns (Ef.1:19),
  - **jou gedrag** word vervang met God se gedrag (Gal.5:22-25).
- **Jy kom op die punt waar jy openlik kan verklaar**: ”***nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe (Gal.2:20)***. Die lewe wat jy hier op aarde verder lewe, lewe jy dan in die geloof vir Christus, wat sy lewe vir jou aan die kruis afgelê het.

Dit is lekker en opwindend om God te gehoorsaam. Dit is ook oor en oor die moeite werd om aan God gehoorsaam te lewe. Die wyse Salomo het alles ondersoek en uiteindelik aan die einde van sy lewe in die boek Prediker tot die slotsom gekom. ***Pred.12:13*** *”Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie.”*

- Gehoorsaamheid aan God en Sy Woord bring ons in ’n nuwe verhouding met God. ***1Joh.5:3*** sê ***”Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie****, want enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin.”*

- Gehoorsaamheid aan God open die deur vir God om op bonatuurlike wyse deur Sy kinders te werk (Ef.3:20-21).
- Gehoorsaamheid aan God bring blywende blydskap en vreugde wat niks anders jou ooit kan bied nie!

Mag jy die vreugde van ’n 100% gehoorsame lewe aan God beleef!

AMEN